



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

MUSIEK

MODELVRAESTEL

EKSAMENNOMMER

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

155 0 A

<u>Eksamennommer</u>

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. AFDELING A moet op hierdie vraestel met potlood beantwoord word.
3. AFDELING B en AFDELING C in die antwoordeboek met pen beantwoord word.
4. Kandidate word tydens die eksamen toegelaat om 'n instrument te gebruik om hierdie vraestel te voltooi.
5. Manuskrippapier sal vir rofwerk voorsien word.
6. Skryf jou eksamennommer op ELKE bladsy van hierdie vraestel, sowel as op die BUITEBLAD van jou ANTWOORDEBOEK.
7. Onthou om beide die vraestel en die antwoordeboek in te lewer.

<u>Eksamennommer</u>

AFDELING A: LU 2

VRAAG 1

Verwerk die volgende liedjie vir enige DRIE instrumente van jou keuse.

- 1.1 TWEE van die instrumente moet melodies wees.
- 1.2 Die ander instrument moet 'n slaginstrument wees, byvoorbeeld 'n idiofoon of 'n membranofoon.
- 1.3 Maak seker dat jou instrumentkeuses inpas by die omvang/toonhoogtes.

Tula tula

6

[30]

<u>Eksamennommer</u>

VRAAG 2

Beantwoord óf VRAAG 2.1 óf VRAAG 2.2.

Voltooi die gegewe vier openingsmate met 'n geïmproviseerde melodie.

2.1

[6]

OF

2.2

[6]

<u>Eksamennommer</u>

VRAAG 3

Beantwoord óf VRAAG 3.1 óf VRAAG 3.2

Dui die akkoorde wat jy sal gebruik om die gegewe melodie te begelei, aan. Voltooi die gegewe melodie en akkoorde vir die tweede frase ook.

3.1

[15]

OF

3.2

[15]

TOTAAL AFDELING A: 51

AFDELING B: LU 3**VRAAG 4**

Ritmiese en melodiese patrone

- 4.1 Voltooi die volgende mate deur die gevraagde note/rustekens in korrekte groepering by te voeg.

1. Voeg 3 note by. 2. Voeg een noot en een rusteken by 3. Voeg sestiende- en agstenote by.

4. Voeg note by om 'n gesinkopeerde ritme te vorm. 5. Vervang rustekens met ses note (herskryf die maat).

(10)

- 4.2 Identifiseer die volgende melodiese patrone deur die korrekte nummer in die regterkantste kolom in te vul.


4.2.1	Majeur akkoord (drieklank)	
4.2.2	Heeltoon-toonleer (fragment)	
4.2.3	Pentatoniese toonleer	
4.2.4	Majeur toonleer	
4.2.5	Mineur toonleer (meld harmonies of melodies)	

(5)
[15]

Eksamennommer


VRAAG 5

Identifiseer die toonsoort en skryf die onderstaande passasie oor met 'n toonsoortteken.

**[5]****VRAAG 6**


Skryf die volgende toonlere opgaande en dui die halftone aan:

6.1 E-majeur met toonsoortteken in die G-sleutel.




(4)

6.2 B-majeur sonder toonsoortteken in die G-sleutel.



(4)

6.3 Die pentatoniese toonleer wat op F# begin in die G-sleutel.

(3)
[11]

<u>Eksamennommer</u>

VRAAG 7

Identifiseer die intervalle volgens afstand en toonsoort tot 'n 7de, vanaf die tonikanoot, soos dit in die toonleer in VRAAG 6.1 voorkom.

7.1 _____

7.2 _____

7.3 _____


7.4 _____

7.5 _____

[6]

VRAAG 8

Skryf 'n melodie van ongeveer 8 mate wat op EEN van die toonlere in VRAAG 6 gebaseer is.



[8]

TOTAAL AFDELING B: 45

AFDELING C: LU 4**VRAAG 9**

LET WEL: VRAAG 9 moet 1 uur VOOR die geskrewe eksamen afgehandel word.

Identifiseer en beskryf 'n gedeelte van 'n musiekopname (Afrika, Asies of Westers) volgens:¹

- 9.1 Genre
- 9.2 Vorm/Struktuur
- 9.3 Instrumentasie
- 9.4 Stemming en karakter
- 9.5 Kulturele verband **[12]**

Die volgende vrae moet in die eksamenlokaal in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

VRAAG 10

Jy het die musiek van 'n Suid-Afrikaanse kultuur bestudeer. Bespreek die kenmerke daarvan, asook hoe dit binne die konteks van kulturele geleenthede aangewend word. **[10]**

VRAAG 11

Gee DRIE voorbeelde van elk van die volgende instrumentefamilies:

- 11.1 Strykers
- 11.2 Houtblasers
- 11.3 Koperblasers
- 11.4 Membranofone **[12]**

¹ 'n Geskikte opname of uitvoering van die musiek moet deur die onderwyser verskaf word.

<u>Eksamennommer</u>

VRAAG 12

Verskaf 'n samevatting van elk van die volgende musiekstyle volgens die belangrikste kenmerke daarvan:

- 12.1 Barokmusiek
- 12.2 Populêre musiek
- 12.3 Jazz **[10]**

VRAAG 13**MUSIEKBEDRYF**

- 13.1 Verduidelik wat met *intellektuele eienaarskap* bedoel word. (3)
 - 13.2 Verduidelik die proses en rolspelers vanaf die skep van 'n musikale idee tot waar dit as 'n komposisie aan die publiek voorgelê word. (7)
- [10]**

TOTAAL AFDELING C: 54

GROOTTOTAAL: 150